

# Die Evangelie volgens Markus

Geloof in Aksie
Nederduitsch Hervormde Kerk
RANDBURG

## Hoofstuk 12

### Die gelykenis van die boere en die wingerd
### (Matt. 21:33-46; Luk. 20:9-19)

1Jesus het voortgegaan om in gelykenisse met hulle te praat en gesê: "'n Man het 'n
wingerd aangeplant en 'n klipmuur daar rondom gebou. Hy het daarin ook 'n
parskuip uitgekap en 'n wagtoring opgerig. Toe het hy dit aan boere verhuur en
daarvandaan weggegaan. 2Op die vasgestelde tyd het hy 'n slaaf na die boere toe
gestuur om by hulle sy deel van die wingerd se opbrengs te kry. Hulle het hom egter
gegryp en geslaan en met leë hande weggejaag. 4Daarna het hy 'n ander slaaf na
hulle toe gestuur. 3Hulle het hom oor die kop geslaan en hom uitgeskel. 5Hy het nog
'n ander een gestuur en vir hom het hulle doodgemaak. Later het hy nog baie ander
gestuur; hulle het party geslaan en ander doodgemaak. 6Hy het nog net een
oorgehad, sy geliefde seun. Heel laaste het hy hom na hulle toe gestuur met die
gedagte: hulle sal tog my seun ontsien. 7Maar daardie boere het vir mekaar gesê:
'Dit is die erfgenaam dié. Kom ons maak hom dood; dan sal die erfenis ons s'n
wees.' 8Hulle het hom toe gegryp en doodgemaak en hom uit die wingerd uitgegooi.
9"Wat dink julle sal die eienaar van die wingerd nou doen? Hy sal kom en die boere
om die lewe bring en die wingerd vir ander mense gee. 10Julle het tog al in die Skrif
gelees:
"Die klip wat deur die bouers afgekeur is,
juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword.
11Dit is deur die Here gedoen
en is 'n wonder in ons oë."

12Hulle het toe na 'n plan gesoek om Hom te laat vang, want hulle het besef dat Hy
met hierdie gelykenis op hulle gesinspeel het. Maar hulle was bang vir die mense en
het Hom laat staan en weggegaan.

## Die vraag oor die betaal van belasting
## (Matt. 22:15-22; Luk. 20:20-26)

13Toe stuur hulle 'n paar van die Fariseërs en van die Herodiane na Jesus toe om
Hom met 'n vraag in 'n strik te vang. 14Hulle kom sê toe vir Hom: “Meneer, ons weet
dat u iemand is wat u mening eerlik uitspreek sonder om mense in aanmerking te
neem, want u let nie op die aansien van persone nie. U is getrou aan die waarheid
en so maak u die wil van God bekend. Is dit reg om aan die keiser belasting te
betaal, of is dit nie? Moet ons betaal, of moet ons nie betaal nie?”
15Jesus het egter geweet dat hulle huigel en Hy het vir hulle gesê: “Waarom stel julle
vir My 'n strik? Bring vir My 'n muntstuk dat Ek sien.”
16Hulle bring toe vir Hom een en Hy vra vir hulle: “Wie se kop en naam is hierop?”
“Die keiser s'n,” antwoord hulle Hom.
17Jesus sê toe vir hulle: “Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God
wat aan God behoort.”
En hulle was stom van verbasing oor Hom.

## Die vraag oor die opstanding uit die dood
## (Matt. 22:23-33; Luk. 20:27-40)

18Toe kom daar Sadduseërs na Jesus toe. Dit is hulle wat beweer dat daar nie 'n
opstanding is nie. 19Hulle vra Hom toe: “Meneer, Moses het vir ons voorgeskrywe:
‘As iemand se broer sterwe en 'n vrou agterlaat maar nie kinders het nie, moet hy
met die weduwee van sy broer trou en 'n nageslag vir sy broer verwek.’ 20Nou was
daar sewe broers. Die oudste het getrou en by sy sterwe geen kinders gehad nie.
21Die tweede het toe met die weduwee getrou, maar hy het ook gesterwe sonder om
kinders agter te laat, en die derde net so. 22Nie een van die sewe het kinders by haar
gehad nie. Heel laaste het die vrou toe ook gesterwe. 23Met die opstanding, wanneer
hulle uit die dood opstaan, wie van hulle se vrou sal sy wees? Al sewe het haar mos
as vrou gehad.”

[24]Jesus sê vir hulle: "Is die rede waarom julle dwaal, nie juis dat julle nie die Skrif ken
nie en ook nie die krag van God nie? [25]Ja, want wanneer die mense uit die dood
opstaan, trou hulle nie meer nie, maar is hulle soos die engele in die hemel. [26]En dat
die dooies opgewek word, het julle dan nie in die boek van Moses, in die gedeelte
oor die doringbos, gelees hoe God vir hom gesê het: 'Ek is die God van Abraham,
die God van Isak, die God van Jakob' nie? [27]Hy is nie 'n God van dooies nie maar
van lewendes. Julle is dus heeltemal aan die dwaal!"

## Die vraag oor die grootste gebod
## (Matt. 22:34-40; Luk. 10:25-28)

[28]Een van die skrifgeleerdes het hulle hoor redeneer en het nader gestaan. Toe hy
sien dat Jesus hulle 'n goeie antwoord gegee het, vra hy vir Hom: "Wat is die heel
grootste gebod?"
[29]Jesus antwoord hom: "Die eerste is: 'Luister, Israel, die Here ons God is die
enigste Here. [30]Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele
siel en met jou hele verstand en met al jou krag.' [31]Die tweede is: 'Jy moet jou
naaste liefhê soos jouself.' Geen ander gebod is groter as dié twee nie."
[32]"Pragtig, Meneer!" sê die skrifgeleerde vir Hom. "Dit is waar wat u gesê het: 'Die
Here is die enigste God,' en 'daar is geen ander God as Hy nie.' [33]En 'om Hom lief te
hê met jou hele hart en met jou hele denke en met al jou krag' en 'om jou naaste lief
te hê soos jouself' is van meer belang as al die brandoffers en ander diereoffers."
[34]Toe Jesus hom so verstandig hoor praat, sê Hy vir hom: "Jy is nie ver van die
koninkryk van God af nie."
Niemand het dit toe meer gewaag om Hom 'n vraag te stel nie.

## Die vraag oor die seun van Dawid
## (Matt. 22:41-46; Luk. 20:41-44)

[35]Jesus het toe voortgegaan om die mense in die tempel te leer, en Hy het vir hulle
gesê: "Hoe is dit dat die skrifgeleerdes sê dat die Christus die seun van Dawid is?
[36]Dawid self het deur die ingewing van die Gees gesê:
" 'Die Here het vir my Here gesê:
Sit aan my regterhand
totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.'

37“Dawid self noem Hom ‘Here’; hoe kan Hy dan sy seun wees?”
Die groot menigte mense het graag na Hom geluister.

## Jesus waarsku teen die skrifgeleerdes
## (Matt. 23:1-36; Luk. 20:45-47)

38Terwyl Jesus die mense leer, het Hy gesê: “Pas op vir die skrifgeleerdes, wat
daarvan hou om met swierige klere rond te stap en om op straat begroet te word,
39wat die voorste sitplekke in die sinagoges en die ereplekke by die feesmaaltye wil
hê. 40Hulle palm die huise van die weduwees in en sê vir die skyn lang gebede op.
Hulle sal baie swaar gestraf word.”

## Die arm weduwee se gawe
## (Luk. 21:1-4)

41Jesus het toe regoor die offergawekis gaan sit en kyk hoe die mense geld daar
ingooi. Baie ryk mense het baie geld ingegooi. 42Daar het toe 'n arm weduwee
gekom en twee muntstukkies ingegooi. Dit was baie min werd. 43Hy het sy dissipels
nader geroep en vir hulle gesê: “Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het
meer ingegooi as al die ander mense wat iets in die offergawekis gegooi het. 44Hulle
het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi
wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe.”

## Kommentaar volgens Bybel in Praktyk

### 12:1

Die gelykenisse wat Jesus vertel het, is voorbeeld-verhale. In 'n gelykenis word iets uit die bekende alledaagse gebruik om 'n geestelike begrip tuis te bring. Hierdie onderrigmetode dwing die luisteraar om die waarheid self te ontdek. Die boodskap word dus slegs verstaan deur mense wat gewillig is om te luister en te leer.

### 12:1-12

Die gelykenis van die boere en die wingerd. In hierdie gelykenis is God die eienaar, Israel die wingerd en die geestelike leiers is die boere aan wie die eienaar sy wingerd verhuur. Die boer se slawe is die priesters en profete wat aan God getrou gebly het, die eienaar se seun is Jesus en die ander is die nie-Jode. Deur hierdie verhaal het Jesus die geestelike leiers goed laat verstaan dat Hy presies weet wat

hulle dink, en ook bewus was van hulle planne om Hom dood te maak. Hy het ook daardeur vir hulle gesê dat hulle sondes nie ongestraf sou bly nie.

### 12:1

Die Joodse volk wat hier deur 'n wingerd gesimboliseer word (vgl. Jes. 5:2). is deur God uitgesoek om verlossing vir die hete wêreld te bring. Die leiers van die volk het nie net die doel met God se wingerd 'n die wiele gery nie, maar ook nog die mense wat Hy gestuur het om daarna om te sien, doodgemaak. Hulle was s6 jaloers dat hulle vergeet het van die welsyn van die mense wat hulle veronderstel was om te lei. Aanvanklik is die eienaar, God, geduldig met die huurders. Toe hulle egter die seun (Jesus Christus) doodmaak, neem Hy die wingerd van hulle weg.

### 12:10

Jesus het van Homself gepraat as "die klip wat deur die bouers afgekeur is". Al sou Hy deur die Jode (bouers) verwerp word as onbruikbare klip, sou Hy nogtans die hoeksteen van die nuwe "gebou", die kerk, word (Hand 4:11 -12). Die hoeksteen is as eerste steen op die hoek gebruik om te verseker dat al die ander stene daarvandaan waterpas gelê word. Net so sou Jesus se lewe en riglyne die grondslag van die nuwe geloofsvolk van God, die kerk word.

### 12:13

Die Fariseërs en Herodiane was invloedryke godsdienstige en politieke leiers in Judea. Die Fariseërs was 'n godsdienstige groep, terwyl die Herodiane meer op die politiek gekonsentreer het. Hulle word saam deur die Joodse Raad na Jesus toe gestuur om Hom uit te lok.

Die Fariseërs was teen Jesus gekant omdat Hy hulle skynheiligheid aan die kaak gestel het. Die Herodiane het Hom ook as 'n polities destabiliserende bedreiging beskou. Hulle was volgelinge van Herodes die Grote, maar het hulle politieke gesag verloor toe sy seun na beweerde oproerigheid deur 'n Romeinse goewerneur vervang is. Die Herodiane was bang dat Jesus nog méér onrus in Judea sou saai. Dit sou die kanse verskraal dat die Romeine ooit weer die nageslag van Herodes aan bewind sou plaas.

### 12:14

Belastingontduikers is swaar  gestraf. Die Jode het die Romeinse belastingstelsel gehaat, want dit was vir hulle die simbool van hulle eie onderworpenheid en het hulle verdrukkers verryk. Dit was 'n politieke én godsdienstige probleem. Van hulle belasting geld is ook aangewend 6m die heidense tempels in stand te hou en by te dra tot die weelderige leef wyse van die Romeinse adelstand. Vir die Jode was God die enigste koning aan wie hulle iets verskuldig was. Die Fariseërs en Herodiane wou Jesus met hierdie vraag oor die belasting in ʼn strik laat trap. Want of Hy nou "ja" of "nee" sou antwoord, Hy sou in die moeilikheid kom oor sy antwoord. "Ja" sou beteken dat Hy 'n ondersteuner van Rome is, en dit sou die volk teen Hom laat draai. "Nee" sou hulle weer die geleentheid gee om Hom as verraaier en rebel teen Rome aan te kla.

### 12:17

Jesus antwoord meesterlik! Die muntstuk waar op die keiser se kop pryk, moet aan hom betaal word en die mens se lewe wat na die beeld van God is. moet aan God gewy word. Dit is 'n antwoord waarvan die betekenis vandag nog geld.

### 12:18

Die Sadduseërs wat die hoofgroep in die Joodse Raad was, het nie in die opstanding van dooies geglo nie. Die Fariseërs en Herodiane kon nie daarin slaag om Jesus werklik vas te trek nie, daarom het die Sadduseërs ook probeer. Die Sadduseërs het Jesus die vraag gevra waar mee hulle die Fariseërs keer op keer kon stilmaak. omdat hulle nooit dié vraag kon beantwoord nie. Die Sadduseërs het nie in die lewe na die dood geglo nie, omdat daar geen direkte verwysings daarna in die Pentateug (Genesis tot Deuteronomium) is nie. Dié vyf boeke van Moses was immers die enigste deel van die Skrif wat deur dié groep as gesaghebbend aanvaar is. Jesus sou egter aan hulle toon dat Moses se geskrifte wél die gedagte van die ewige lewe ondersteun (12:26).

### 12:20-22

Die Ou-Testamentiese wette het bepaal dat 'n weduwee wat geen seun gehad het nie met haar oorlede man se broer moes trou(vgl. Gen. 38:3) Hy moes dan sorg dat sy kinders het wat vir haar kon sorg en vir sy broer 'n nageslag kon wees. Die oudste

seun uit so 'n huwelik is dan beskou as die oorledene se kind (Deut. 25:5-6). Dit is die sogenaamde swaers huwelik. Die kernvraag in die voorbeeld is dat die vrou nie by een van die mans 'n kind gehad het nie en daarom in hierdie opsig nie een van hulle se vrou was nie. Wat sou dan gebeur as daar 'n opstanding sou wees?

### 12:24

Jesus het gesê dat die Sadduseërs nie net onkundig was oor die Skrif nie, maar ook geen begrip vir die almag van God gehad het nie. Hulle wou die geestelike geloofsvrae beantwoord vanuit hulle beperkte ervaringsveld en nie God se beloftes daaroor aanvaar nie. God maak mense in sy groot krag lewend. Die mens word nie 'n engel nie, maar sal na die opstanding soos die engele nie trou nie. Daar is geglo dat die engele as dienaars van God nie seksuele verhoudings aangaan nie. Dié argumentasie van Jesus is baie interessant want terselfdertyd raak Hy nog 'n onderwerp aan wat die Sadduseërs ook ontken het, naamlik die engele.

### 12:25

Jesus se woorde beteken dus dat God se nuwe bedeling nie net 'n voortsetting van hierdie lewe inhou nie. Die natuurwette wat hiér geld, sal byvoorbeeld nie daar geld nie. Verhoudings word in ons gevalle wêreld aan bande gelê deur dinge soos tyd, die dood en menslike instellings. In God se nuwe en volmaakte bedeling is dit egter nie die geval nie. Dan gaan dit slegs oor die verheerliking van God. Aardse wetmatighede word dan gerelativeer.

### 12:26

Jesus het hulle eintlike en bedekte vraag. naamlik of daar 'n opstanding sal wees, beantwoord. Die Sadduseërs het slegs aan die Pentateug geglo en daarom het Jesus hulle ook met 'n aanhaling uit Eksodus 3:6 geantwoord. Daardeur het Hy bewys dat daar wél 'n lewe na die dood is. Die Fariseërs het nog nooit in hulle redenasies met die Sadduseërs van dié Skrifgedeelte gebruik gemaak nie. God praat naamlik daar baie jare na Abraham, Isak en Jakob se dood van hulle asof hulle nog lewe. Dit dui daarop dat.sy trou en verbintenis met mense bly voortbestaan, selfs na hulle dood. Ook na hulle dood het God dus getrou gebly om hulle uit die dood te laat opstaan.

12:28

Daar was reeds gedurende Jesus se leeftyd honderde wette en bepalinge. Volgens een telling was daar 613-248 gebiedinge en 365 verbiedinge. Sommige van die geestelike leiers het probeer onderskei tussen groot en klein wette, terwyl ander weer verkondig het dat alle wette ewe belangrik is en dat dit gevaarlik is om enige onderskeid te tref. Hierdie skrifgeleerde se vraag kon 'n argument onder die verskillende groepe laat ontstaan het oor wat gedoen en wat gelaat kon word, maar Jesus se antwoord som die hele wet van God op.

12:29-31

God se wette is nie so baie of ingewikkeld, dat dit ons onnodig beperk nie. Hulle kan saamgevat word in twee eenvoudige lewensreëls: jy moet God liefhê en jy moet jou medemens liefhê. Hierdie opdragte kom ook uit die Ou Testament (Lev. 1 9:18; Deut. 6:5). As 'n mens God liefhet en jou medemens liefhet, soos liefde vir jouself 'n werklikheid is. is jy getrou aan die doel van die Tien Gebooie én al die ander Ou-Testamentiese wette. Volgens Jesus is hierdie 'n samevatting van al die wette van God. Ons gedagtes, besluite én optrede moet daarvolgens geskik word. As ons onseker is oor wat ons te doen staan, moet ons onsself afvra watter optrede die beste bewys sal lewer van 'n liefde vir God en ons medemens.

12:33-34

Hierdie man het getoon dat hy die doel met God se wet, naamlik dat opregte liefde beter is as uiterlike maar leë gehoorsaamheid of offers (1 Sam 15:22), reg verstaan. Die volgende stap moes geloof wees in Jesus, wat by hom staan, en dit is die beslissende stap wat geneem moet word deur iemand wat Jesus wil navolg.

12:35-36

Jesus het uit Psalm 110:1 aangehaal om aan te toon dat die Messias (Seun van Dawid) anders sou wees as gewone mense. Die skrifgeleerdes het nie verstaan dat die Messias méér as 'n menslike afstammeling van Dawid sou wees nie; hulle het nie besef dat Hy God self in 'n menslike gestalte sou wees nie. Die Messias, Jesus, is nie net Dawid se afstammeling nie, maar ook Dawid se Here. Daarom kom Hy nie net om Dawid se ryk te hervestig nie, maar om God se koninkryk onder die mense 'n werklikheid te maak.

### 12:38-40

Jesus het weereens die skrifgeleerdes se duistere motiewe aan die lig gebring. Hulle het nie salaris ontvang nie en moes dus staatmaak op die gasvryheid van toegewyde Jode. Party van hulle het hierdie onderhoud uitgebuit en misbruik gemaak van mense. Op dié manier het hulle die armes, veral die weduwees. beroof en die rykes misbruik. Hulle het vroom opgetree om respek en erkenning te kry en sodoende hulle status te verhoog.

### 12:38-40

Die skrifgeleerdes het sulke besondere lang wit klere gedra en is ook begroet as rabbi's as hulle verbygaan. Jesus het die mense gewaarsku teen die skrifgeleerdes wat graag heilig wou lyk en vereer wou word. maar in werklikheid grootdoenerig was. Ware volgelinge van Christus word nie gekenmerk deur vertonerigheid nie. Bybelstudie, openbare gebede en selfs kerklike gebruike kan ook soms vals wees as dit in die eerste plek gedoen en gevolg word om gesien en gerespekteer te word. Ons dade moet met ons oortuigings strook. Ons moet altyd vir Jesus Christus lewe, selfs al is daar niemand wat sien of hande klap nie.

### 12:40

Hierdie geestelike leiers sou swaarder gestraf word, omdat hulle verantwoordelikheid en kennis soveel groter was. As leiers moes hulle immers die geloof van talle ander mense vorm en rig. In plaas daarvan het hulle die mense egter opgesaal met geïnterpreteerde reëls, maar vergeet van God om Wie dit eintlik gegaan het. Talle mense het as gevolg van die skrifgeleerdes se inhaligheid en onsuiwere motiewe op die verkeerde pad beland.

### 12:41

Daar was verskeie offergawe kiste in die tempel. In party moes die Joodse mans hulle tempelbelasting bydraes gooi, terwyl ander weer vir vrywillige bydraes gebruik is. Dié offergawe kiste was waarskynlik in dié deel van die tempel waar vroue ook toegelaat is (die voorhof van die vroue).

12:41-44

In die Here se oë het hierdie arm weduwee meer as al die ander mense saam gegee. hoewel sy die kleinste bedraggie gegee het. Die waarde van 'n gawe word nie aan 'n bedrag gemeet nie, maar aan die gesindheid waarmee dit gegee word. Iets wat teësinnig gegee word, of net sodat die gewer daarvan raakgesien kan word, beteken niks. Onthou altyd dat klein dingetjies wat uit 'n opregte hart vol liefde kom, vir God baie meer waarde het as groot bedrae wat uit teë harte kom. Sy het gegee wat sy kon: sy sou immers ook net een muntstukkie kon ingooi. Terloops, 128 van dié muntstukkies het een dag se loon vir 'n arbeider uitgemaak.